16. Ekumenisiteit en Owerheid

16.1 RAPPORT DEPUTATE EKUMENISITEIT – OWERHEID (Artt 233, 234)

A. Ds C Aucamp lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2012:119, 16.3; 16.13, 16.14, 16.15.

16.3.2 Die Sinode wys nuwe Deputate aan met die volgende opdragte:

16.3.2.1 om namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nodige skakeling met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en ander instansies waarmee ons as Gereformeerde Kerke moet/kan skakel (soos bv Solidariteit Alliansie) te onderhou

16.3.2.2 kerke van die GKSA by te staan in hulle skakeling met die owerhede op die verskillende vlakke; asook om, waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die skakeling met die owerhede

16.3.2.3 om met die “Parlementêre Lessenaar” van die NG Kerk saam te werk en ook daarvoor te begroot

16.3.2.4 wetgewing en die uitvoering daarvan te monitor en indien nodig, op te tree in die lig van die besluite van die Sinode, deur moontlike en toeganklike kanale wat die regering bied, te gebruik. Die Deputate moet voorgestelde wetgewing bestudeer en in die lig van die Skrif, Belydenis, Kerkorde, Sinodebesluite en Gereformeerde etiek op die mees effektiewe wyse daarop kommentaar lewer

16.3.2.5 wanneer nodig, in gesprek te tree met die onafhanklike meganismes wat die Grondwet bied ter ondersteuning van die grondwetlike demokrasie soos bv die Openbare Beskermer, die Kommissie vir Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur, Godsdiens en Taalgemeenskappe en die Menseregte-kommissie

16.3.2.6 skakeling tussen verskillende Deputategroepe te bewerkstellig sodat gekoördineerd gewerk kan word met betrekking tot gesprek en kommentaar na die owerheid. Ander Deputate van die GKSA moet eers met hierdie Deputate skakel alvorens hulle in gesprek tree of kommentaar lewer

16.3.2.7 om die GKSA te verteenwoordig by die Ad-hoc komitee wat aanvanklik op die beskerming van Eiendomsreg gefokus het.

16.13.2.1 Die Deputate ontvang ‘n mandaat om ‘n studie te loods oor fundamentele regte vanuit ‘n Christelik-Reformatoriese perspektief. Die studie vir goedkeuring aan die volgende Sinode voorgehou word.

16.14.2.1 Die Sinode gee aan die Deputate Ekumenisiteit Owerheidsake die mandaat om die GKSA op die Raad te verteenwoordig.

16.14.2.2 Die Sinode gee aan die Deputate Ekumenisiteit Owerheidsake die mandaat om saam met ander godsdienste oor sake van gemeenskaplike belang getuienis te lewer, met dien verstande dat die unieke begronding van die Christelike etiek nie in gedrang kom nie en sodanige getuienis geskied binne die raamwerk van KO, art 49.

Besluit: Punt 1 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

Aangesien die opdragte hoofsaaklik voorkomend van aard is, is daar net aandag gegee aan die sake wat wel voorgekom het sedert die vorige Sinode. Dit het egter soms spoedige reaksie van die Deputate vereis en daartoe gelei dat die Deputate prosedures vasgestel het oor hoe om sulke spoedeisende sake so sinvol as moontlik te hanteer. Die volgende sake is hanteer:

2.1 *Getuienis via voorleggings en verklarings*

2.1.1 Voorlegging insake Pornografie

Nadat dit in die media bekend geword dat UKASA openbare verhore oor die aansoek van die toenmalige Top TV om kanale by te voeg wat op pornografiese materiaal konsentreer, was daar ‘n dag of wat tyd om te reageer. Hierop het prof N Vorster in samewerking met ds C Aucamp en ander Deputate ‘n verklaring opgestel wat deur ds Aucamp aan al die betrokke instansies (insluitend die elektroniese poslys van die GKSA) versprei is. UKASA het egter laat weet dat hulle soveel insette ontvang het, dat hulle nie nog insette gaan aanvaar nie.

Hierdie is egter ‘n goeie voorbeeld van die spoedeisendheid waarmee die Deputate soms moet optree en van hoe moeilik dit is om al die Deputate se insette betyds te kan verwerk.

2.1.2 Voorlegging oor Christelike Vakansiedae

Die Deputate het ‘n voorlegging by die *Kommissie vir die bevordering van die regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe* ingedien ter deeglik begronde ondersteuning van die behoud van Goeie Vrydag en Kersdag as openbare vakansiedae. Die volledige voorlegging is ook na *Die* KerIkblad en die GKSA poslys gestuur vir algemene bekendmaking.

2.1.3 Persverklarings: Godslastering en misbruik van godsdiens deur politici

Die Deputate het het ‘n persverklaring uitgereik waarin ‘n misleidende uitspraak wat die toenmalige minister Lulu Xinwana tov Calvinisme gemaak het, veroordeel is. Die verklaring is ook onder die kerke versprei.

Die hoofinhoud van die verklaring is ook vervat in ‘n verklaring wat deur die Gereformeerde Konvent oor die aangeleentheid uitgereik is.

Die Deputate het ook ‘n openbare verklaring uitgereik oor die uitspraak van ANC Sekretaris Generaal Gwede Mantashe, waarin hy die drie-party alliansie vergelyk het met die Goddelike drie-eenheid.

2.1.4 Verklaring oor regstellende aksie & adviesvraag (e-pos 16 Mei 2013)

‘n Skriftelike adviesvraag is aan die Regsdeputate gerig: Wanneer kan diskriminasie/differensiasie deur ‘n kerk, godsdienstige instelling of ‘n instelling van die burgerlike samelewing wat op ‘n bepaald-Christelike etos gegrond is, geag word “*billike diskriminasie”* in terme van Art 9(5) van die Grondwet te wees, soos nader beskryf in Art 14(2)(b) van Wet 4 van 2000?

Motivering: In die uitvoering van ons opdrag kry ons al hoe meer versoeke en vrae van kerke om met die owerheid oor die genoemde Hoofstuk 9-instellings te skakel en openbare getuienis te lewer in gevalle waar ‘n kerk, godsdienstige instelling of ‘n instelling van die burgerlike samelewing wat op ‘n bepaald-Christelike etos gegrond is, sekere handelinge op grond van so ‘n instelling se eie godsdienstige waardes verbied word omdat dit diskriminerend van aard blyk te wees. Die vrese en bedenkinge bestaan daarin dat ‘n kerk of so ‘n instelling se onafhanklikheid en reg om volgens eie oortuigings op te tree deur die staat of staatsinstellings aan bande gelê kan word, en dat Art 15 van die Grondwet op die wyse in gedrang gebring kan word.

Hoewel die saak na ons wete deur die Regsdeputate behandel is, het ons nog nie ‘n formele antwoord gekry nie.

2.1.5 Verklaring oor Marikana geweld (21 Augustus 2012)

Na ‘n versoek vanaf ds Koos Venter van Rustenburg, het die Deputate op 19 Augustus 2012 ‘n verklaring uitgereik waarin die geweld te Marikana veroordeel is.

2.2 *Getuienis via deelname*

2.2.1 Ad Hoc Komitee oor grondbesit / eiendomsreg

Die Deputate is deur ds Cassie Aucamp en ouderling Bingle Kruger verteenwoordig op die Nasonale Konferensie oor Grondbesit wat dur die Ad Hoc komitee gereël is. Die afvaardiging het aanbeveel dat die Deputate voortgaan om by die Ad Hoc Kommissie betrokke te wees, en dat die Deputate veral sal getuig en saamwerk teen die totalitêre magsmisbruik van die staat en vir versterking van die burgerlike samelewing.

Ds Aucamp het 'n tweede konferensie bygewoon en die opening waargeneem. Die konferensie het geskied in die vorm van 'n werkswinkel ter voorbereiding van die Ad Hoc kommissie se insette met betrekking tot die betrokke wetgewing. Genoemde standpunte is daar duidelik gestel.

Die Deputate sal aanbeveel dat daar voortgegaan word om met die Ad Hoc kommissie saam te werk.

Parlementêre lessenaar NG Kerk

In die verband is waardevolle insette deur die Parlementêre lessenaar gemaak met betrekking tot aangeleenthede wat predikante as huweliksbevestigers raak. Die inligting is aan al die kerke en predikante deurgegee.

Daar was voortdurende skakeling tussen Ds Aucamp en die hoof van die Parlementêre lessenaar, dr Ben du Toit.

Tydens TKR-vergaderings en konferensies van die Conventus het dr du Toit ook gereeld verslag gelewer.

Die Deputate sal aanbeveel dat daar voortgegaan word om op hierdie losser en meer informele wyse met die parlementêre lessenaar saam te werk. Dit sal dan nie nodig wees om weer daarvoor te begroot nie.

2.2.2 Skakeling met die Menseregte Kommissie en die Openbare beskermer

Daar het nie sake voorgekom waarby die Deputate betrokke geraak het nie. Die Deputate het wel oorweeg om by 'n uitspraak van die Menseregte Kommissie aangaande die Creare opleiding sentrum betrokke te raak, maak daarteen besluit.

2.2.3 Gesprek met adjunk-president Motlathe (en ANC nié)

'n Afvaardiging van die Deputate het op 22 April 2014 aan gesprek (olv adjunk-president Motlanthe) met die Nasionale owerheid deelgeneem. Hoewel die owerheid verskeie groepe uitgenooi het, het proff Nico Vorster asook Derrick Mashau geleentheid gehad om die geleentheid toe te spreek. Die Deputate se getuienis is ook wyd binne die kerkverband en media gerapporteer. Die Deputate wil die lidmate wat vanweë hulle kundigheid gekoöpteer kon word, vir hulle bydrae bedank.

Die Deputate het besluit om 'n uitnodiging na 'n ontmoeting met die ANC van die hand te wys. Hoewel die Deputate al vantevore 'n soortgelyke uitnodiging aanvaar het, is daar geoordeel dat dit nie kort voor 'n nasionale verkiesing gepas sal wees nie.

2.2.4 Gesprek met ANC, Mei 2012

Ds C Aucamp en prof DF Muller het die vergadering bygewoon. Die standpunte wat gestel is, is wyd onder die kerke bekend gemaak.

2.2.5 Raad vir Godsdiensregte en Vryhede

Die Raad het in op 29 Mei te Stellenbosch vergader en het onder ander besluit om pogings voort te sit om die Suid-Afrikaanse Handves van Godsdiensregte en Vryhede (waarvan die GKSA 'n medeondertekenaar is) by die parlement in te dien. Daar is voorts besluit om die (vrywillige) lidmaatskapfooie onveranderd te laat. Die fooie beloop R5 000 per jaar vir organisasies en R700 per jaar vir individue. Die Raad se werksaamhede word egter aan bande gelê deur die feit dat daar min fondse inbetaal word. Die dilemma is dat die raad nie iemand wil vervreem deur fooie te eis nie. Die lede van die *Kommissie vir die Bevordering van die regte van Kultuur, Geloof en Taalgemeenskappe* wat teenwoordig was, het onderneem om die saak te steun en verder te promoveer. Prof DF Muller het die Deputate op die vergadering verteenwoordig.

2.2.6 Instituut vir Openbare geregtigheid (IPJ)

Proff N Vorster en DF Muller het op uitnodiging sedert die begin van 2013 uitgenooi om by hierdie Instituut ingeskakel. Die Instituut, wat bestaan uit regsgeleerdes en verskillende Christelike groepe, beywer hom vir die bevordering van openbare godsdiensregte en is, was ten tye van die opstel van die Rapport, besig om kapsie te maak teen ‘n beplande casino naby Menlyn in Pretoria.

2.3 *Getuienis via ander weë*

2.3.1 Brasiliaanse sendelinge (e-pos 18/03/2013)

Die Deputate het in Maart 2013 ‘n versoek van kerke uit Brasilië ontvang dat ons President Zuma moet vra om sy invloed te gebruik t.w.v. twee sendelinge uit Brasilië wat op 6 November 2012 in die Ivoorkus in hegtenis geneem is nadat hulle die evangelie verkondig het. Die versoek is weens die feit dat beide Suid-Afrika en Brasilië deel van BRICS is. Op grond van die toegang wat ds Aucamp nog tot die president gehad het, het hy onderneem om die versoek persoonlik aan hom te rig, waarop hy die saak telefonies sowel as in ‘n skrywe aan die sekretaris van die president gestel het. Hoewel die president nie persoonlik geantwoord het nie, is die onderneming gegee dat die saak via ons kantoor in Brasilië aangespreek sal word.

2.3.2 Kranslegging tydens 100-jarige herdenking

Die Voorsitter, ds Cassie Aucamp, het op uitnodiging namens die Deputate ‘n krans gelê tydens die 100-jarige herdenkingsgeleentheid van die Vrouemonument in Bloemfontein.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3.2 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 *Aanbevelings*

3.1.1 Die Sinode spreek hom uit oor die werk van die Deputate.

3.1.2 Die Sinode staan ‘n bedrag toe ter ondersteuning van die Raad vir Godsdiensregte en Vryhede (kyk 2.2.5).

3.1.3 Die Sinode wys weer Deputate aan met die volgende opdrag:

3.1.3.1 om namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nodige skakeling met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika te onderhou

3.1.3.2 om te skakel met organe van die burgerlike samelewing waar getuienis of samewerking bevorderlik sal wees vir kerk en koninkryk in Suid-Afrika

3.1.3.3 om kerke van die GKSA by te staan in hulle skakeling met die owerhede op die verskillende vlakke; asook om, waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die skakeling met die owerhede

3.1.3.4 om met die “Parlementêre Lessenaar” van die NG Kerk saam te werk

3.1.3.5 om wetgewing en die uitvoering daarvan te monitor en indien nodig, in die lig van die Skrif, Belydenis, Kerkorde, Sinodebesluite en Gereformeerde etiek op die mees effektiewe wyse daarop kommentaar lewer

3.1.3.6 om, wanneer nodig, in gesprek te tree met die onafhanklike meganismes wat die Grondwet bied ter ondersteuning van die grondwetlike demokrasie soos bv die Openbare Beskermer, die Kommissie vir Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur, Godsdiens en Taalgemeenskappe en die Menseregte-kommissie;

3.1.3.7 om, waar nodig, met ander Deputategroepe te skakel sodat gekoördineerd gewerk kan word met betrekking tot gesprek en kommentaar na die owerheid. Ander Deputate van die GKSA moet eers met hierdie Deputate skakel alvorens hulle in gesprek tree of kommentaar lewer

3.1.3.8 om die GKSA te verteenwoordig by die Ad-hoc komitee wat aanvanklik op die beskerming van Eiendomsreg gefokus het.

3.1.4 Die Sinode gee ‘n mandaat aan die Deputate:

3.1.4.1 om, indien die huidige Deputate nie saak teen die tyd van die Sinode kon afhandel nie, die studie oor fundamentele regte vanuit ‘n Christelik-Reformatoriese perspektief voort te sit en vir goedkeuring aan die volgende Sinode voor te hou

3.1.4.2 om die GKSA op die Raad vir Godsdiensregte en Vryhede te verteenwoordig

3.1.4.3 om saam met ander godsdienste oor sake van gemeenskaplike belang getuienis te lewer, in lyn met die beginsels en riglyne wat die Sinode van 2012 goedgekeur het (Acta 2012:162).

Besluit: Punte 3.1 tot 3.1.4.3 goedgekeur.

D. AANVULLENDE RAPPORT

1. Getuienis via deelname (kyk 2.2 van Rapport)

1.1 *Getuienis by samekoms van kerke te Stellenbosch*

Die Deputate het ‘n uitnodiging gekry om deel te neem aan ‘n Konferensie van Kerke/Kerkleiers in Stellenbosch waartydens daar na 20 jaar van die nuwe demokrasie opnuut gekyk is na die sake wat kerke in 1997 in hul voorleggings aan die Waarheids- en Versoeningskommissie aangeraak het. Die GKSA het nie in 1997 voor die WVK getuig nie.

Ds C Aucamp en prof JH van Wyk, wat in 1997 saam met drie ander broeders ‘n persoonlike getuienis gelewer het, het die Konferensie bygewoon en ook daar voorleggings gemaak.

Prof van Wyk het die inhoud van hul destydse voorlegging weergegee, waarin hulle persoonlik skuld bely het *regarding their share in and neglect with regard to apartheid.* Daarna het hy verwys na problematiek vandag. In die verband het hy die volgende gesê: *During the seventies of the previous century South Africans were advised by the Western world to move away from apartheid and to implement a system of “majority rule” and “minority rights”, which was realised, as we all know, in 1994. After twenty years of democracy we still face the same challenge, which imply to find a meaningful balance between the concepts of unity and diversity. To emphasise only unity, endangers the idea of diversity and tends to force it into uniformity, whilst to emphasise only diversity, tends towards division and conflict – what happened during the apartheid era. I think it is important to reconsider once more the views of the Stellenbosch philosopher, Johan Degenaar, who opted for a plural democracy in a plural society, instead of a liberal democracy.*

Ds Aucamp het in sy voorlegging gemeld dat daar tog baie gevorder is op die pad van versoening in Suid-Afrika, maar dat die krisis rondom versoening in Suid-Afrika vandag verskuif het van ‘n rasse-stryd na ‘n klassestryd. *The tipping point in the South African society has moved from the divide between black and white, to the divide between rich and poor. The battlefield of South Africa has moved to the challenges of the labour market.*

In this regard the church has a pivotal role to play and are the bearers of the only real message of hope. The answer and the solution is not to be found by either of the idols of socialism or unbridled capitalism, but in the true Biblical message of vocation, an honest day’s work, and fair and honourable compensation. “The labourer is worthy of his reward”.

Hy het ook gewys op die risiko’s van die huidige tendens waar die transformasie-agenda die versoeningsagenda oorheers en dikwels benadeel.

Beide die voordragte is met groot waardering ontvang, het ‘n kerndeel van die bespreking uitgemaak en is ook verdiskonteer in die versoeke wat die vergadering aan die SARK gerig het om verder met die regering en ander instansies op te neem.

1.2 *Getuienis oor regsaksie teen Godsdiens in Skole*

Die Deputate het onmiddellik gereageer na die bekendmaking van ‘n bepaalde organisasie se beoogde regsaksie teen ses skole se Godsdiensbeleid.

‘n Vergadering is belê saam met verteenwoordigers van die NG Kerk, die Hervormde Kerk, die APK, die Voorsitter van Fedsas en die regsverteenwoordigers van die skole. Daar is besluit om as kerke saam via die Gereformeerde Konvent ‘n getuienis te lewer en moontlik as Vriend-van-die-Hof in die komende saak op te tree.

Ter wille van ‘n eendragtige getuienis is ooreengekom op sekere riglyne waarbinne kerke formeel in hierdie saak getuienis kan lewer.

Vanweë tydsbeperking het die Voorsitter van die Deputate ‘n persoonlike verklaring vrygestel wat wyd en volledig in die pers gerapporteer is, en ook aan onderhoude oor verskeie radiostasies hieroor deelgeneem.

Ten tye van die opstel van die Aanvullende Rapport sou ‘n werkswinkel van die ‘*SA Raad vir die Beskerming en Bevordering van Godsdienstige Regte en Vryhede’* (CRRF) gehou word oor die onderwerp: *Godsdiensvryheid in Skole.* Die Deptate het twee broeders aangewys om aan die werkswinkel deel te neem. (Die Deputate het reeds die opdrag om aan die werksaamhede van die Raad deel te neem. (Kyk 2.2.5 van die Rapport.)

Daar sal moontlik tydens die Sinode oor die uitkoms hiervan gerapporteer kan word.

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 *Aanbevelings*

2.1.1 Die Sinode spreek hom uit oor die werk van die Deputate.

2.1.2 Die Deputate ondersoek kanale en benut waarlangs in groter mate saam met ander kerke besin en getuig kan word oor sake wat die opdrag van hierdie Deputate raak, met behoud van eie selfstandigheid.

2.1.3 Die Deputate toenemend sal meewerk om die aanslag teen Godsdiens in ons skole teen te werk.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.3 goedgekeur.